Publication: Beeld,Daily (Sport)
Publication Date: 02 Nov 2018
Page: 23

AVE: 50593.14
Circulation: 35934
Part: 1 of 1




LJ van Zyl is as Tuks se Mansatleet van die Eeu gekroon. Foto: REG CALDECOTT

## ATLETIEKKLUB VIER 100 JAAR

# LJ in wolke oor groot Tuks-prys

## Caster ook vereer by glansgeleentheid

**Wim Pretorius**

Die Universiteit van Pretoria (Tuks) het Caster Semenya en LJ van Zyl as hul Atlete van die Eeu gekroon.

Die universiteit het erken dat dit glad nie maklik was om net twee uitskieters te kies nie, met atlete se prestasies sedert 1918 tot nou toe wat in ag geneem is.

Dit was uiteindelik Semenya en Van Zyl se podiumsukses op internasionale byeenkomste wat die deurslag gegee het.

Van Zyl, wat as kind met polio gesukkel het, het in 2002 op die internasionale toneel begin naam maak, toe hy as die junior wêreldkampioen in die 400 m-hekkies gekroon is. Sy tyd was destyds 'n ongelooflike 48.89 sekondes.

Vier jaar later is hy ook as die Statebond se kampioen gekroon toe hy by die Spele in Melbourne die wenstreep eerste oorgesteek het.

In 2010 het hy silwer gewen by die Statebondspele in Delhi en in 2011 die bronsmedalje by die IAAF se Wêreldkampioenskap in Suid-Korea.

"Ek het (die Tuks-toekenning) glad nie verwag nie," het Van Zyl gister gesê.

"Dit is sonder twyfel my grootste prys ooit. Tuks se atletiekgeskiedenis is ryk, met uitstekende atlete, so dis 'n absolute eer."

Dit het sekerlik ook in dié oud-Bloemfonteiner se guns getel dat hy die eerste atleet ooit was wat op Tuks se atletiekbaan in die L.C. de Villiers-stadion 'n Suid-Afrikaanse rekord opgestel het.

Hy het op 25 Februarie in 2011 die stophorlosie op 47.66 sekondes tot stilstand gebring, 'n tyd wat vandag nog as die nasionale rekord in die 400-hekkies staan.

Hy het ook in 2011 die vier vinnigste tye van die jaar in die wêreld gehardloop.

Van Zyl is tans deel van die fakulteit opvoedkunde by die universiteit, waar hy sportbestuur aan eerstejaar- en tweedejaarstudente doseer.

"Ek was vir 15 van die 100 jaar deel van Tuks se atletiekspan en nou werk ek ook by die universiteit," sê hy. "Ek kan werklik sê ek is 'n trotse Tukkie."

Semenya se prys was nog meer vanselfsprekend as Van Zyl s'n.

Sy spog met twee Olimpiese goue medaljes in die 800 m (2012 en 2016) en is al drie keer (2009, 2011 en 2017) as die wêreldkampioen gekroon. Sy was boonop vanjaar by die Statebondspele die kampioen in die 800 én 1 500.

Semenya hou die Suid-Afrikaanse rekord in die 400, 800, 1 000 en 1 500.

Haar beste tyd in die 800 (1:54.25) is die vierde beste in die geskiedenis van vroue se 800-wedlope.

Die naellopers Akani Simbine en Carina Horn is onderskeidelik as die Mans- en Vroueatleet van die Jaar aangewys, terwyl Sokwakhana Zazini en Yvonne Robson die Junior Atlete van die Jaar is.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.